

**7 Junie**

**Psalm 11, (Teks: 11:1, 7)**

***Ek skuil by die Here***

Wat kan die gelowige doen wanneer die goddelose die fundamente van die samelewing ondermyn? 'n Samelewing waar korrupsie, valsheid, bedrog, onreg, geweld en moord aan die orde van die dag is en alles deurmekaar en onseker is. Sal dit ooit beter word? 'n Gevoel van magteloosheid maak jou benoud. Die verleiding is groot om dan soos 'n voël na die berge toe te vlug - net weg te kom van alles wat jou lewensbestaan bedreig, en om weg te vlug na 'n droomwêreld wat nie bestaan nie.

Nee, moenie wegvlug nie. Moenie jou blindstaar teen skynbare onmag nie, want God is steeds in beheer. Hy is die Regter. Uit sy hoë hemelse troon sien Hy almal op aarde raak. Hy toets elkeen se lewe. Jesus Christus het in ons plek regsverdeling ondergaan sodat ons van die dood en verderf gered kon word. Hy het oorwin. Aan Hom behoort alle mag in die hemel en op die aarde. By Hom skuil ons. By Hom is ons veilig en word ons nie deur vertwyfeling en kleingeloof bang gemaak wanneer dinge vir ons te veel begin word nie.

Hy is ons enigste toevlug, ons enigste ware sekuriteit. By Hom skuil ons sodat die bedreiging nie meer vir ons bedreiging inhou nie, want ons vertrou op Hom. Ons gee onself en alles wat vir ons te veel geword het oor aan Hom terwyl ons opreg lewe en sy wil voorop stel in alles wat ons dink, sê en doen.

Sing: Psalm 146:1, 3, 6

Ds. W.P. van der Merwe (Swartruggens)